

10

DIE TEKENS VAN DIE NAGMAAL

Die Nagmaal is 'n sigbare teken dat God my verlos het

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet begryp dat die brood en wyn by Nagmaal die tekens van Jesus se liggaam en bloed is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat die Nagmaal ons heenwys na Jesus se liggaam en bloed wat ons van sonde en dood verlos.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat die Nagmaal hulle wys hoe lief God vir hulle is.

Vaardigheid

Die kinders breek na Nagmaal van die Nagmaalbrood en gee dit vir mekaar om te eet. Daarna help hulle met die opruiming van die tafels.

MEER INLIGTING (1 Korintiërs 11: 17-34)

Waarom dink jy as jy die teken langsaan sien? FACEBOOK! Die teken wat jy sien, is nie Facebook self nie, dit laat jou dink aan Facebook. Dit laat jou ook dink aan al die vriende wat jy op Facebook het. Dit laat jou dink aan al die lekker tye wat julle saam het. Dit laat jou dink aan al die tye toe julle saam gelag het. Dit laat jou ook dink aan al die foto's wat julle geneem het toe julle saam was. Die Facebook-teken wat jy sien, is nie Facebook self nie, maar dit laat jou dink aan Facebook en ook aan al jou vriende op Facebook en aan hoe groot julle vriendskap is. Die Facebook-teken is dus 'n simbool wat jou aan al hierdie wonderlike dinge laat dink.



Ons raak somtyds so besig met skool en sport en al die ander aktiwiteite by die skool waarby ons betrokke is, dat ons vergeet van ons vriende en hoe lekker dit is om sulke vriende te hê. Wanneer ons die Facebook-teken sien, dink ons weer aan ons vriende. Ons stuur vir mekaar

SMS'e of Mxit met mekaar omdat ons weer aan mekaar dink en ook dink wat dit beteken om mekaar as vriende te hê.

God gee vir ons so baie dinge wat ons nie verdien nie. Een daarvan is die verlossing van sonde en dood. Deur Jesus Christus wat vir ons aan die kruis gesterf het, wys God dat ons nie vir die dood hoef bang te wees nie. Jesus het dit oorwin. Die dood kan ons nie meer van God af weg hou nie. Dieselfde het Hy ook gedoen met die sonde. Hy het ons losgemaak van die sonde en die sonde van ons af weggeskuif. Ook die sonde kan ons nie meer van God af weg hou nie, want ons kan, wanneer ons gesondig het, tot God bid en vra dat Hy ons vergewe, en dan doen Hy dit.

Toe Jesus aan die kruis gesterf het, is sy liggaam gebreek en het sy bloed gevloei. Dit het gebeur sodat God ons kan verlos van die sonde en dood. Wanneer ons die Nagmaal vier, dink ons aan hierdie verlossing wat God vir ons gegee het deur Jesus se kruisdood. Die brood wat ons eet en die wyn wat ons drink, herinner ons aan Jesus se liggaam en bloed.

Die brood is die simbool van Jesus se liggaam, en die wyn is die simbool van sy bloed. Die brood is nie sy liggaam nie en die wyn is ook nie sy bloed nie. Dit is slegs simbole. Jesus het een aand toe Hy saam met sy dissipels eet die Nagmaal ingestel met brood en wyn. Hy het vir hulle gesê dat Hy gaan sterf aan die kruis en dat sy dood hulle gaan verlos van sonde en dood. Hulle moet dit nie vergeet nie, en wanneer hulle daaraan dink, moet hulle brood eet om hulle te herinner aan sy liggaam wat vir hulle gebreek is, en hulle moet wyn drink om hulle te herinner aan sy bloed wat gevloei het.

Deesdae is mense baie besig, en daarom vergeet hulle baie maklik dinge. Soms is dit belangrike dinge wat hulle vergeet, soos byvoorbeeld dat Jesus vir hulle gesterf het en hulle verlos het van sonde en dood. Daarom het God besluit om die Nagmaal in te stel. Hy gee daarmee vir ons die simbole van brood en wyn. Ons vier gedurende die jaar die Nagmaal in 'n erediens. Daardeur herinner God ons dat Hy ons verlos het. Hy het die brood vir ons gegee as die simbool van Jesus se liggaam wat gebreek is, en die wyn as simbool van sy bloed wat gevloei het – vir ons.

As jy dus weer sien hoe die brood gebreek word en hoe die beker met die wyn aangestuur word, weet dan dat dit simbole is wat heenwys na Jesus se liggaam en bloed en wat dit vir jou beteken. Net soos die Facebook-teken nie Facebook self is nie, so is die Nagmaalteken nie die werklike liggaam en bloed van Jesus nie – dit herinner ons net aan sy liggaam en bloed.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Afskrifte van die Facebook-logo en ook die ander tekens wat in die les genoem word.
- Maak 'n aantekening om met die eersvolgende Nagmaal die klas te neem om te help met die opruiming.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?


- Vind uit by die kinders wie almal 'n e-pos gestuur het oor waar hulle graag betrokke wil raak en wat die aard van die betrokkenheid is.
- Laat 'n paar van die kinders Markus 10: 14 opsê: *Jesus het gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.*
- Kontroleer wie almal die volgende gaan leer het.
 - Wat het die dissipels met die kinders gedoen wat na Jesus toe gekom het? *Jesus se dissipels het die mense wat hulle kindertjies na Jesus toe gebring het, weggestuur.*
 - Wat het Jesus vir sy dissipels daarvoor gesê? *Jesus het gesê dat hulle nie die kinders moet verhinder nie.*
 - Kinders is vir Jesus belangrik.
 - Jesus is lief vir kinders.
 - Jesus leer ons dat kinders ook 'n plek het in die kerk.
 - Almal – kinders, diakens, ouderlinge en die dominee – is ewe belangrik in die kerk.
 - Selfs kinders kan 'n werkie hê om in die gemeente te doen.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Wys vir die kinders die Facebook-logo. Vra waaraan dit hulle laat dink. Verduidelik aan hulle dat hulle nie net aan Facebook dink nie, maar ook aan al hulle maats en foto's op Facebook. Wys ook die volgende simbole en vra waaraan elkeen hulle laat dink.


'n Hartjie (vir liefde)




'n Wit duif (vir vrede)




'n Kruis (vir geloof in Jesus)



!# (vir vloek)



Nike-logo (vir sportklere)



Volkswagen-logo (vir 'n sekere soort kar)



Supersport-logo (vir sport op TV)



IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING oor.

IETS BELANGRIK

- Beklemtoon die feit dat die brood en wyn tekens is van Jesus se liggaam en bloed.
- Die Nagmaal, waar die brood en die wyn geëet en gedrink word, is 'n simbool waardeur God vir ons wys dat Jesus vir ons sonde gesterf het.
- Lê klem daarop dat hierdie tekens ons geloof in God versterk.

IETS OM TE DOEN

- Kies van die volgende woorde om die sinne te voltooi.

simbole	kruisdood	wyn	verlossing	bloed	liggaam	brood
---------	-----------	-----	------------	-------	---------	-------

- Tydens die Nagmaal gebruik ons *brood* en *wyn*.
 - Die brood en wyn is *simbole* van Jesus se *liggaam* en *bloed*.
 - Die Nagmaal wys ons op die *verlossing* wat God vir ons gee deur Jesus se *kruisdood*.
- Sê of die volgende WAAR of VALS is, en gee 'n rede vir jou antwoord:
 - Die brood en wyn wat ons tydens Nagmaal gebruik, is regtig die liggaam en bloed van Jesus.

WAAR	VALS
------	-------------

Rede: *Dit is slegs simbole van Jesus se liggaam en bloed.*

- Die brood en wyn verlos ons van sonde en dood.

WAAR	VALS
------	-------------

Rede: *Jesus verlos ons, en die brood en wyn is slegs tekens van sy liggaam en bloed.*

- Deur die Nagmaal verseker God ons dat Hy vir ons lief is en dat Hy ons verlos het.

WAAR	VALS
-------------	------

Rede: *Omdat ons maklik vergeet, is dit nodig dat God ons herinner aan wat Hy vir ons gedoen het, en daarom het Hy die Nagmaal ingestel.*

BY DIE HUIS

DOEN

Moedig die kinders aan wat hulle penneblikkies of boeksakke vir die skool met simbole wil versier, om die slegte tekens te verwyder en dit met goeie tekens te vervang. Lê klem daarop dat hulle nie altyd besef watter verkeerde simbole hulle op die penneblikkies en boeksakke uitbeeld nie. Sanggroepe en heldefigure dra nie altyd goeie boodskappe oor nie. Hulle moet versigtig wees en altyd eers die waarheid agter 'n teken vasstel, voordat hulle dit op hulle eiendom ten toon stel.

Laat hulle vir die klas wys hoe hulle die skooltas in hul boeke versier het.

LEER

- Die brood en wyn is simbole van Jesus se liggaam en bloed.
- Wanneer ons die tekens van brood en wyn sien, dink ons aan die verlossing wat Jesus vir ons gee deur sy kruisdood.
- Jesus het die Nagmaal ingestel.
- Deur die Nagmaal herinner God ons dat Hy vir ons lief is en ons verlos van ons sonde.
- Die Nagmaal versterk ons geloof in God.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 199: 1 te lees en daarna 'n gebed te doen.

*Loof die Here uit die hemel,
loof Hom deur wie ons bestaan;
loof Hom eng'le, hemelwesens,
loof Hom son en prys Hom maan.
Kom en loof Hom, kom en prys Hom,
kom en loof die Heer se Naam!*

VIR DIE KATEGEEET

Reël nou reeds met die diakonie en die klas om met die volgende Nagmaal na die erediens die kinders van die brood vir mekaar te laat gee om te eet, en dan te help met die opruiming.